


**Evangelie van Mattheus: Riglyn 8**

Doel van die uiteensetting: Moet asseblief nie hierdie uiteensetting oorhandig nie totdat die bespreking klaar is nie. Die doel van hierdie uiteensetting is om die mense in jou bybelstudie groep te kry om die Woord van God te lees en leer hoe om die bybelse beginsels toe te pas in hulle lewens.

A. Bybelse toepassing

Die antwoorde in hierdie uiteensetting is 'n riglyn om die bespreking te vergemaklik.

**Vraag 1:_ Lees die gedeelte vir jou bybelstudie groep en vra wat vir hulle utstaan in die gedeelte**:

**Mattheus 2:19-23**

19 En na die dood van Herodes het daar 'n engel van die Here in 'n droom aan Josef in Egipte verskyn

20 en gesê: Staan op, neem die Kindjie en sy moeder, en gaan na die land van Israel; want hulle is dood wat die lewe van die Kindjie gesoek het.

21 En hy het opgestaan, die Kindjie en sy moeder geneem en in die land van Israel gekom.

22 Maar toe hy hoor dat Archelaus oor Judea koning was in die plek van sy vader Herodes, was hy bevrees om daarheen te gaan. En hy het 'n goddelike waarskuwing in 'n droom ontvang en na die streke van Galilea teruggekeer.

23 En hy het gaan woon in 'n stad met die naam van Nasaret, sodat vervul sou word wat deurdie profete gespreek is, dat Hy Nasarener genoem sou word.

**Feel at Home #wordoffaithSA**

**Sunday Service Times:** 9am, 5pm & 7pm
**Address:** Cnr Lily Street & William Moffett Expressway, Mangold Park, PE

**Vraag 2: Hoe lank het Jesus in Egipte gebly?**

Antwoord:

- Jesus en sy familie het God gehoorsaam totdat God vir hulle gesê het wat om te doen.

**Vraag 3: Met wie het God gepraat?**

Antwoord:

- God het met Josef, en nie met Jesus gepraat nie.
- God het met Josef gepraat, omdat Josef destyds die pa in Jesus se lewe was.
- God het Josef se gesag nie verontagsaam nie.

**Vraag 4: Waarom kon Jesus na Israel terugkeer?**

Antwoord:

- God het die vyand vernietig, wat probeer het om Jesus dood te maak.

**Vraag 5: Waarom het God, Josef gestuur om Jesus na Egipte en dan na Nazaret te neem?**

Antwoord:

- God het Josef gelei om Jesus teen Sy vyande te beskerm, sodat die beloofde Messias (Jesus) sy bestemming en roeping kan vervul.

**Vraag 6: Waarom het Jesus uit Nasaret gekom?**

Antwoord:

- Mattheus het 'n profesieë aangehaal dat Jesus uit Nasaret sou kom.
- Nasaret kom van die woord nasar wat tak beteken, en baie profete in die Bybel het gepraat van die Messias as die Tak (vgl Jes 11:1, Jer 23:5, 33:15, Sag 3:8, 6:12).
- Nasaret was destyds by die kruispad van die wêreld geleë, (die twee groot roetes wat gekruis het in Galilea, net buite Nasaret. Die gebied was bekend as die Galilea van die nasies.
- Jode het mense van Nasaret geassosieer met die Romeine omdat die Romeine naby hul gewoon het.
- Jesus moes 'n seën vir alle nasies wees.

**B.** Persoonlike toepassing van Bybelse beginsels.

**Vraag 7: Wanneer God vir jou gesê het om iets te doen, hoe lank moet jy daarmee voortgaan?**

Antwoord:

- Totdat God vir jou sê om iets anders te doen.

**Vraag 8: Hoe het God, Jesus gelei? Lei God jou op 'n soortgelyke manier?**

Antwoord:

- Om te praat deur die Heilige Gees.
- Ons moet ons leiers gehoorsaam (sien Hebreërs 13:17).

**Vraag 9: Het God ooit met mens afgereken wat probeer het om jou te weerstaan of probeer het om jou te vernietig?**

Antwoord:

- Persoonlike bespreking

**Vraag10: Het jy God se hand gesien wat jou beskerm en gelei het om jou bestemming of doelwit te vervul?**

Antwoord:

- Persoonlike bespreking

**Vraag 11: Stop die paaie daar?**

Antwoord:

- Sien Psalm 30:5
- Jesus kon terugkeer na Israel om weer veilig te leef.

**Vraag 12**: **Wat het julle vanaand geleer?**

Antwoord:

- Persoonlike bespreking

**Vraag 13: Watter stappe gaan jy volg om dit wat jy geleer het, toe te pas?**

Antwoord:

- Persoonlike bespreking